# Die drie bokke



Aangepas uit 'n Noorse feëverhaal
Illustrasies: Helga Hoveka

Three goats big book_A.indd 1 2017/11/24 07:05



Drie bokke het op ’n heuwel gewoon.
Die gras was min en bruin.
Die bokke was honger.



Three goats big book_A.indd 2 2017/11/24 07:05



Die bokke het na die heuwel oorkant die rivier gekyk. Hulle het groen gras gesien.



Three goats big book_A.indd 3 2017/11/24 07:05



Die klein bokkie het
eerste oor die brug geloop.
Die trol sê, “Wie loop so
trip-trap oor my brug? Ek
gaan jou opeet!”
“Moet my nie eet nie!” sê die
klein bokkie.



Three goats big book_A.indd 4 2017/11/24 07:05



Die middelslagbok het volgende geloop.
Die trol sê, “Wie loop so trip-trap oor my brug? Ek gaan jou opeet!”
“Moet my nie eet nie!” sê die middelslagbok.



Three goats big book_A.indd 5 2017/11/24 07:05



Die groot bok het laaste geloop.

Die trol sê, “Wie loop so trip-trap oor my brug? Ek gaan jou opeet!”

“Jy kan my nie opeet nie!” sê die groot bok.

Hy het die trol in die water gegooi. Kaplaks!



Three goats big book_A.indd 6 2017/11/24 07:05



Die drie bokke het nou groen gras geëet.

Hulle was bly!



Three goats big book_A.indd 7 2017/11/24 07:05

Die einde



Wordworks
© 2018

Three goats big book_A.indd 8 2017/11/24 07:05